

Saterdag 18 Julie

Skrifgedeelte: Psalm 61:1-9 (1933/53-vertaling)

Fokusgedeelte: Psalm 61:7

Ook in ons moeilike tye sit die Koning deur die geslagte steeds op die troon

Psalm 61 fokus op die gemoed van Dawid terwyl hy voortvluggend is. Voorwaar 'n moeilike omstandigheid in sy lewe. Maar wat hierdie psalm dan juis so duidelik openbaar, is die fokus van Dawid hier in sy swaarkry-omstandighede. Hier waar hy ver van die stad met die altaar en teenwoordigheid van die Here is.

Hier het hy steeds 'n hunkering na die veilige beskutting onder die vleuels van die Here. Selfs al weet Hy dat dit vir hom onbereikbaar is. Dat dit die rots is wat net vir Hom te hoog is, hier vanuit die einde van die aarde.

Tog weet selfs Dawid al hier in die Ou Testament dat daar hoop is, dat daar lig is. Daarom verwys hy na die Koning in die derde persoon in vers 7 en 8. Want duidelik is sy fokus deur die leiding van die Heilige Gees alreeds hier op ons Here Jesus Christus. Hy sit op die troon van geslag tot geslag vir ewig.

Daarom het ons vandag die voorreg om selfs in ons swaar tye te weet dat ons nie aan die einde van die aarde sonder God is nie. Deur die verlossing in ons Here Jesus Christus en die kragtige werking van die Heilige Gees leef ons daaglik in die teenwoordigheid van die Here. Daarom weet ons dat selfs in ons moeilike tye die Koning deur die geslagte steeds op die troon sit, en dit is niemand anders as ons Here Jesus Christus nie.

Sing: Psalm 61-1:1, 5

Ds. FR Pretorius (Franscois) (Phalaborwa)